

KOERSVAS

Jaargang 4 Uitgawe 92 29 Julie 2016

In hierdie uitgawe:

Redaksioneel


Kennisgewings

REDAKSIONEEL

Kulturele regte.

Word bang, baie bang. Die tameletjie rondom straatname in Pretoria het 'n draai gemaak in die Grondwethof. Uitspraak is gelewer en die uitspraak was nie baie gunstig vir Afriforum of Afrikaans nie. Afriforum is geroskam oor van hulle uitsprake en hulle benadering was waarskynlik nie weldeurdag in alle opsigte nie. Dit is nie nou ter sake nie. Die behoud van nuwe name in Pretoria en elders kom in golwe en gaan nie net ophou nie. Die Grondwethof se uitspraak oor straatname is nie so onrusbarend soos die **beredenering** wat in die uitspraak na vore kom nie. Indien hierdie argumente gaan septerswaai, is die Afrikaner kultuur gedoem tot vernietiging. Die twee argumente kom na vore in die volgende twee aanhalings: *“The second reason is that the implication that may be drawn from the first judgment (MOGOENG CJ) is that **any reliance by white South Africans, particularly white Afrikaner people, on a cultural tradition founded in history, finds no recognition in the Constitution, because that history is inevitably rooted in oppression.**”*¹ Daarmee saam

¹ CONSTITUTIONAL COURT OF SOUTH AFRICA Case CCT 157/15 In the matter between: CITY OF TSHWANE METROPOLITAN MUNICIPALITY Applicant and AFRIFORUM First Respondent Coram: Mogoeng CJ, Moseneke DCJ, Bosielo AJ, Cameron J, Froneman J, Jafta J, Khampepe J, Madlanga J, Mhlantla J, Nkabinde J and Zondo J



die uitspraak van regter Jafta: *“It is against this context that the first judgment must be understood. The cultural rights guaranteed by section 31 of the Constitution must also be construed not only in the context of section 31(2) but also in the setting of our past.102 Section 31(2) pronounces that the guaranteed cultural rights may not be exercised in a manner inconsistent with any provision of the Bill of Rights. Therefore there can be no justification for recognition of cultural traditions or interests “based on a sense of belonging to the place where one lives” if **those interests are rooted in the shameful racist past**”*².

In kort kom hierdie stellings daarop neer dat Afrikanerkultuur in sy wese boos en rassisties is en geen reg het en geen beskerming verdien nie.

Die argument loop so: *“ Die hele geskiedenis van die RSA tot en met 1994 is een van rassisme en onderdrukking van die swart mense omdat hulle kwansuis dom en barbaars is. Die hele geskiedenis vanaf Jan van Riebeeck is een waartydens die blankes (lees Afrikaners) gegryp en vergryp het ten koste van die swart bevolking. (That said, colonialism or apartheid is a system so stubborn that its divisive and harmful effects continue to plague us and retard our progress as a nation more than two*

Judgments: Mogoeng CJ (majority): [1] to [78]
Froneman and Cameron JJ (dissenting): [79] to [162]
Jafta J (concurring): [163] to [194]
Heard on: 19 May 2016
Decided on: 21 July 2016

² CONSTITUTIONAL COURT OF SOUTH AFRICA Case CCT 157/15

decades into our hard-earned constitutional democracy. Almost all cities, towns and street names continue to reverberate with great sounds of veneration for the architects of apartheid, heroes and heroines of our oppressive and shameful colonial past.)³ Hierdie rassistiese benadering het die Afrikaner dus verryk en swart mense ontmagtig en ontmenslik. Dit staan daarom bo alle twyfel dat die Afrikanerkultuur een is van onregmatige bevoordeling en dit is gebou op die verliese en vernederings van swart mense. Hierdie slegte verlede moet einde kry (The injustices of the past are not to be pampered or approached with great care or understanding or sympathy. And the immeasurable damage racism or cultural monopoly has caused requires that stringent measures be taken to undo it. That approach will help us move away from exclusivity to opportunities, racial domination and intolerance to inclusivity, social cohesion and equitable access to opportunities.) Afrikaners wil van die RSA 'n enklawe van die Europese beskawing maak en dit moet einde kry (South Africa still looks very much like Europe away from Europe. A very insignificant number of names of our cities, towns and streets gives recognition to the indigenous people of this country and other black people. Very little recognition or honour is given to their heritage, history, heroes and heroines in their own motherland. This does not reflect but rather belies a commitment by all to the spirit of genuine unity, transformation and reconciliation.)” Dit in kort die argument.

Dit is duidelik dat 'n onregmatige en kontensieuse prisma gebruik word om net een perspektief op 'n ingewikkelde verlede moontlik te maak. Hierdie perspektief is giftig en bedreig ons as gemeenskap. Indien alles wat die Afrikaner is en bereik het, steun op die “skandelige rassistiese koloniale verlede” en spesifiek apartheid, het die Afrikanerkultuur geen bestaansreg nie. Om te weet dat dit nie waar is dat Afrikanerskap

op hierdie basis gebou is nie, is nie genoeg nie.

Dit is onrusbarend dat regters van die Grondwethof so redeneer. Vir baie was die grondwethof 'n baken van beskerming teen die regstellende aanslae wat ons wil verswelg. Afrikaners gaan hierdie perspektief moet toets en indien dit die denkparadigma word, gaan Afrikanerkultuur waarskynlik nie die tsunami van wraak en Ubuntu selfgeldig oorleef nie.

KENNISGEWINGS

• **BONDSVERGADERING 2016**

Die dagbestuur van die GHG vergader Vrydag 10:00 29 Julie 2016 om die agenda vir die vergadering te finaliseer. Die finale beplanning sal daarna aan u deurgestuur word. U word vriendelik versoek om alle sperdatums in ag te neem en daarby te hou.

DATUM: 4 tot 6 September 2016.

PLEK: Gemeente Grootvlei.

TYD: Sondag 4 September 2016

• **GELOOFSBONDKWILT 2016**

(GHG Gesamentlike fondsinsameling-projek vir Teologiese Opleiding van GHG predikante)

Tydens die Geloofsbond se Damesbyeenkoms in 2015, is daar besluit om by te dra tot die Opleidingsfonds deur 'n gesamentlike projek te loods.

As beginpunt van hierdie fonds, is 'n laslappiekomers/deken gemaak wat toe verlede jaar uitgeloot en gewen is.

Elke Bondsgemeente was 'n geleentheid gebied om blokke vir die geskiedkundige kwilt te maak. Die blokke was aangestuur en aanmekaargewerk soos wat Bondsgemeentes deur geloof aanmekaar gebind is.

³ Alle aanhalings uit CONSTITUTIONAL COURT OF SOUTH AFRICA Case CCT 157/15

Daar is oor 'n R30 000 ingesamel en inbetaal met hierdie poging. Nou in 2016 doen ons dit weer. Dankie vir al die gemeentes wat blokke ingestuur het.

Lootjielyste sal binnekort beskikbaar gestel word en kan bestel word by Ella Joubert per adres: ella@teamworkprinters.com.

- Die eerste uitbetaling(s) word tydens die Bondsvergadering se opening gedoen.

KENNISGEWINGS

Advertensies

- Lidmate wat belangstel om meer te wete te kom oor die Calvinistiese alliansie en in die besonder gedagtes oor weerbaarheid, kan gerus die skakel hier onder opvolg:

https://www.facebook.com/steedshervormers/posts/990507434364632?notif_t=page_wall

Neem asseblief kennis van die advertensies wat ingesluit is.

- Oornag fasiliteite by Villa Stoney – naby Pretoria. Skakel Ina 082 908 2831 of auri@mweb.co.za.

- Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar word elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op die internet geplaas.

<http://www.geloofsbond.org.za/>

Daar is ook preke op *whatsapp* beskikbaar. Kontak Yvette Otto by 072 223 7522 vir meer besonderhede.

•Drukwerk

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorieboeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

ella@teamworkprinters.c

Steedshervormer Ernie van der Westhuizen se seun het 'n tumor op die brein en die gesin gaan self die koste moet dra. Hy versoek einge hulp wat u kan bied.

ERNU requires an urgent operation entailing the removal of a carotid body tumour. (Also called a chemodectoma or paraganglioma) This is a tumour found in the upper neck at the branching of the carotid artery.

Account Holder Name: EJ van der Westhuizen

First National Bank

Account Number: 62470971633

Branch Name: Lynnwood / 252045

Account Type: Savings